

BOEKBESPREKINGS

Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap No. V: Resolusies van die Politieke Raad, Deel V, 1716-1719, persklaar gemaak deur G. C. de Wet, M.A. (Redakteur), pp. XXIII, 434, Staatsdrukker, Kaapstad, 1964.

Bogenoemde is nog een van die bekende reeks Suid-Afrikaanse Argiefstukke, uitgegee deur die Publikasie-afdeling van die Kantoor van die Direkteur van Argiewe, wat langsamerhand aangroei tot 'n indrukwekkende reeks.

Die Politieke Raad was die belangrikste bestuursliggaam aan die Kaap dwarsdeur die Kompanjiestydperk. Daarop het, benewens die goewerneur, die belangrikste amptenare sitting gehad, soos die Sekunde, die Fiskaal, die Kaptein van die garnisoen ens., asook die besoekende hoë amptenare soos die kommissaris. Dit is dus begryplik dat al die belangrikste aangeleenthede deur hierdie liggaam bespreek is op sy weeklikse vergaderings — dit het gewoonlik op Dinsdae vergader, behalwe wanneer 'n „extra-ordinaire vergadering” nodig was. Die verrigtinge van die liggaam, sowel as die besluite, is getrou afgeskryf deur die sekretaris van die Politieke Raad en daarvan is dan 'n kopie aan die Here XVII gestuur. As gevolg hiervan bestaan daar dan benewens 'n kladnotule, twee kopieë van die stukke, 'n Haagse en 'n Kaapse kopie. Deur vergelyking en ewentuele aanvulling van die een kopie uit die ander, kon dus 'n baie getroue weergawe saamgestel word en dit is dan wat ons hier in gedrukte vorm het.

Net soos met vorige uitgawes uit die reeks die geval was, kry 'n mens die indruk dat ook hierdie uitgawe uitstekend versorg is. Voetnote gee die nodige opheldering, hoofsaaklik oor persone wat in die teks genoem word, terwyl 'n verklarende woordelys baie handig is vir diegene wat nie so vertrou is met die agtiende eeuse Nederlandse woordgebruik nie.

Soos in die voorwoord vermeld, het die periode 1716-1719 rustig aan die Kaap verloop en weinig opsigbarende opgelewer, dit in teenstelling tot die voorafgaande W. A. van der Stel-periode. Dat die 18de eeu egter 'n belangrike periode in die wordingsgeskiedenis van ons volk was, word allesins deur historici erken. Alleen om die rede kan 'n verdere bekendstelling van die argiewe van dié periode van groot waarde wees. Trouens oor die nuttigheid van dergelike argiefpublikasies, hoef geen betoog gevoer te word nie.

Ek spreek die hoop uit dat hierdie reeks gepubliseerde argiefstukke meer en meer deur almal wat belang het by ons geskiedskrywing as 'n noodsaaklike aankoop beskou word.

F. J. du T. Spies.

Forbes, Vernon S.: Pioneer Travellers in South Africa. A. A. Balkema, Cape Town, Amsterdam, 1965.

Die waarde van 'n reisbeskrywing as bron met behulp waarvan die verlede gerekonstrueer kan word, laat geen twyfel nie en die waarde neem toe na die mate wat 'n reisbeskrywing betrekking het op 'n gebeurtenis of 'n tydperk waaroor min of geen ander bronne bestaan nie. Terselfdertyd is reisbeskrywings onderhewig aan 'n groot aantal moontlike beperkinge sodat werke van hierdie aard met groot versigtigheid gebruik moet word.

Hoewel die meeste historici goed vertrou is met die bestaan van 'n groot aantal reisbeskrywings en daar vrugbaar van gebruik maak, ontstaan die vraag dikwels of een of ander reisiger nie 'n onverdiende goeie reputasie verwerf het en daarom dikwels sonder voorbehoud as gesaghebbend aanvaar word nie. En gedagtig hieraan het dit ons nog altyd aan 'n deeglike en kritiese studie oor reisbeskrywings ontbreek.

Aan hierdie behoefte voldoen die werk van Vernon S. Forbes gedeeltelik. Die volgende reisigers wat ons land gedurende die tweede helfte van die 18de eeu besoek het, se werk word krities ontleed en na waarde beoordeel. August Frederik Beutler, Carl Peter Thunberg, Francis Masson, Anders Sparrman, Hendrik Swellengrebel (in manuskripvorm), William Paterson, Robert Jacob Gordon, Francois le Vaillant, Graaf Louis Marie Degrandpré en sir John Barrow. Byna terloopse aandag word ook gegee aan goewerneur Van Plettenberg se reis van 1778 en die reis wat deur Jacob van Reenen in 1790 onderneem is.

Waardevolle biografiese besonderhede oor die reisigers self word verskaf; die roete wat hulle gevolg het word noukeurig beskryf en die betekenis van bepaalde reise met ander wat in hoofsaak dieselfde omgewing besoek het, vergelyk. Een-en-twintig waardevolle kaarte is aan die werk toegevoeg.

A. N. Pelzer.

Gordon-Brown, A.: Christopher Webb Smith, an Artist at the Cape of Good Hope, 1837-1839; pp. XII, 92, 77 ill. (15 in kleur). Howard Timmins, Kaapstad, 1965. R6-50.

In 1941 het die Parlementêre Biblioteek in Kaapstad 'n versameling van honderd waterverve en tekeninge aangekoop. Al hierdie werke het op Suid-Afrika betrekking gehad. Nie een het egter die handtekening van 'n kunstenaar gedra nie en gevolglik is die werke toegeskryf aan 'n onbekende Kaapse kunstenaar uit die vorige eeu, van wie net die inisiale, nl. J.W. bekend is.

Mnr. Gordon-Brown, o.a. skrywer van die bekende boek *Pictorial Art in South Africa*, het jarelank navorsing gedoen om te probeer bepaal wie hierdie onbekende kunstenaar, „J.W.“, nou eintlik kon wees. So het hy o.a. drie albums met waterverftekeninge opgediep, wat nou in die besit van die Universiteitsbiblioteek in Cambridge, Engeland, is. Hierdie albums bevat tekeninge van voëls en landskappe, veral van Indië, maar ook van die Kaap die Goeie Hoop. Sommige Kaapse geboue, soos die kerkies van Wynberg en Rondebosch, kan selfs daarop geïdentifiseer word. Hierdie waterverve was van die hand van Christopher Webb Smith. Smith was van 1811 tot 1842 in Indië, waar hy ten slotte 'n hoë rang in die staatsdiens beklee het. Van 1837 tot 1839 het hy om gesondheidsredes sy verblyf in die ooste onderbreek en in Kaapstad gewoon. Hy was 'n vriend van sir Charles D'Oyley. Hulle het saamgewerk op kunsgebied en hulle was president en vise-president van 'n kunsvereniging, nl. die *Behar School of Athens*. Nadat hy gepensioneerd is, het Smith na Italië gegaan, waar hy in Florence oorlede is.

Gordon Brown het die Kaapse tekeninge vergelyk met die in Cambridge, sowel tegnies as wat inhoud betref. Na baie studie, o.a. ook deur vergelyking van handtekeninge op briewe en dokumente, het hy tot die definitiewe gevolgtrekking gekom dat 'n aansienlike deel van die Kaapse tekeninge, wat eers aan „J.W.“ toegeskryf was in werklikheid deur Christopher Webb Smith gedoen is. Sy redenering is gegrond en die bewyse wat hy aanvoer is oortuigend. 'n Verdere deel van die Kaapse versameling kan bowendien moontlik aan Bell toegeskryf word, maar „J.W.“ is nie 'n skuilnaam vir Bell nie.

Dis is nog altyd onbekend wie „J.W.“ is (p. 30). Hy was 'n staatsamptenaar wat in die veertigerjare van die vorige eeu sketse gemaak het van natuurle en Kaapse waens. Hierdie sketse, wat hy met die inisiale „J.W.“ onderteken het, is gebruik vir reproduksies en boekillustrasies. Die meeste belangrike werke wat vroeër aan hom toegeskryf was, staan nou op naam van Smith, of word aan ander kunstenaars toegeskryf. Wat daarvan oorbly, laat „J.W.“ 'n onbelangrike kunstenaar word. In die

totaal skryf Gordon-Brown 67 uit die honderd werke in die Parlementêre Biblioteek toe aan Smith. Moontlik kan nog twee tot elf verdere tekeninge op sy naam geplaas word.

Die skrywer vertel stap vir stap hoe hy tot sy gevo'trekkings gekom het en watter bewysmateriaal gebruik is. Die voëltekening word uitvoerig beskryf, veral die wat 'n Kaapse landskap op die agtergrond het. Die moderne benamings word verstrekk, met verwysing na die bekende boek van Austin Roberts, nl. *Birds of South Africa*. Daar is 'n uitvoerige beskrywing van Smith se lewe aan die Kaap, die heersende sosiale omstandighede, die kunstenaars en wetenskaplikes wat terselfdertyd saam met hom daar was, o.a. D'Oyley, met wie Smith op goeie voet verkeer het.

Van die voëltekening word ses in kleur en veertig in swart-wit in die boek gereproduseer. Van die Kaapse landskappe en stadsgesigte, is nege in kleur en veertien in swart-wit, saam met sewe sketsies as illustrasies gebruik. Bowendien is daar nog twee reproduksies van werke wat definitief aan „J.W.” en ses van wat aan Charles D'Oyley toegeskryf kan word. Daar is 'n portret van Smith en van D'Oyley. Dit alles word toegelig deur uitvoerige katalogi van die werke, verwysings na bronne en 'n goeie indeks.

Op sy gebied is dit 'n baie belangrike boek. Bowendien het die uitgewers geen moeite gespaar om dit 'n mooi voorkoms te gee nie en hierin het hulle ten volle geslaag. Aan die reproduksies, in kleur sowel as in swart-wit, is veel sorg bestee. Ook nou is weer die hulp verkry van die Permanente Bouvereniging, wat in die verlede reeds soveel bygedra het tot reproduksies van Suid-Afrikaanse kunste in die 19de eeu. Vir wie van goeie en mooi kunste hou, is dit 'n uitsonderlike kans. Die prys moet as baie laag beskou word.

F. G. E. Nilant.

Leiden. Foto's van Ed. van Wijk (N.F.K.). Tekst van Mr. E. Elias, N.V. Uitgeverij

W. van Hoeve 's-Gravenhage, A. W. Sijthoff's Uitgeversmaatschappij N.V., Leiden.

Met betrekking tot die teks van bogenoemde voortreflik versorgde fotoboek, is dit nie nodig om die boeiende skryfstyl van mnr. Elias, o.m. bekend as een van die vaste medewerkers van *Elseviers Weekblad*, verder aan te prys nie. Op 'n boeiende wyse gee hy besonderhede aangaande die ontstaan, die opkoms en die bloei van Leiden, vertel hy van die oprigting van die Leidse universiteit (1575) wat tot vandag toe sedert 1581 in 'n voormalige klooster gehuisves is.

Aan die groot verlate van Leiden herinner geboue soos die Lakenhal, die Marekerk en die voorgewel van die stadhuis; die Leidse skilderskool met 'n grootmeester soos Rembrandt van Rijn, het wêreldbekendheid verwerf.

Maar Leiden het ook dieptepunte in sy geskiedenis geken. Agteruitgang op ekonomiese gebied het die bevolking van 70,000 (1675) tot 30,000 (1820) laat verminder. Die jongste, steeds voortgaande bevolkingsaanwas, dateer van die dertiger jare van ons eeu.

Die uitstekende illustrasies in hierdie sterk sprekende publikasie handel oor die verlede en die hede. Liefhebbers van outydse argitektuur kan o.m. foto's van die stadhuis, die Morschpoort, die gereghof en die skilderagtige tehuise vir oues van dae bewonder. Hul'e kan die kunssinnige fotograaf volg deur die kronkelende straatjies, indrukke verkry van die studentelewe en die lewe en werk van die inwoners van 'n stad met 'n verlede wat, met verwysing na die stadsuitbreidings en nuwe bronne van bestaan, terselfdertyd dié van 'n stad met 'n toekoms is. Dit word sterk aanbeveel vir ons hoërskoolbiblioteke.

J. Ploeger,

South African Archival Records, Natal No. V: Records of the Natal Executive Council (1856-1859), edited by Mrs. V. R. Fourie, M.A. and completed by Miss L. J. Twyman, B.A. (Hons.), pp. XX, 443, Government Printer, Cape Town, 1964.

Hierdie reeks dokumente-publikasies uit die Natalse Argief, waarvan No. V hier bespreek word, het begin met die *Notule van die Natalse Volksraad 1838-1845* (deel I); daarna het die Republiek van Natal verdwyn en het ons vervolgens vanaf deel II die *Records of the Executive Council* wat verder voortgesit word. Met bogenoemde deel het dit gevorder tot eind 1859. Dit hou nie heeltemal tred met die reeks gepubliseerde volksraadsnotules van Transvaal nie, wat reeds tot 1868 gevorder het, maar wel met die van die Oranje-Vrystaat wat tot 1858 gepubliseer is.

Soos in vorige uitgawes het ons hier ook weer 'n tweeledige opset. Eers word die notule van die vergaderings van die Uitvoerende Raad, vanaf 8 Jan. 1857 tot 22 Des. 1859, gegee, wat in 'n baie beknopte vorm opgestel is, en vervolgens kry ons die bylaes (annexures) wat daarop betrekking het. Dit is 'n beproefde metode wat met kruisverwysings baie maklik werk.

Die uitvoerende raad (executive council) het, benewens die luitenant-goewerneur — vir dié periode was dit J. Scott — uit die hoofamptenare bestaan soos die koloniale sekretaris, die koloniale tesourier, die hoofregter, die prokureur-generaal en die sekretaris van Naturelle Sake. Vanaf 1857 het Natal ook 'n verkose wetgewende raad (legislative council) gehad wat egter geen wetgewende bevoegdheid gehad het nie. Die uitvoerende raad was dus nie gebind aan die besluite van die wetgewende raad nie. Botsings het dus onvrmydelik voorgekom, soos ook deur die notules weerspieël word.

Die boek is voorsien van 'n algemeen oriënterende inleiding, wat ook 'n oorsig van die werksaamhede van die raad gee, en 'n uitvoerige indeks. Die werk is met die gewone deeglikheid en wetenskaplike noukeurigheid uitgegee, waaraan 'n mens reeds gewoond is ten opsigte van die reeks argiefpublikasies.

F. J. du T. Spies.

Meiring, J. G. en andere: Ds. P. G. J. Meiring en sy Mense. C. Struik, Kaapstad, 1964.

Hierdie werk waarin meer vertel word, nie slegs van ds. P. G. J. Meiring nie, maar van die lotgevalle van die Meiring-familie sedert die aankoms van stamvader Arnoldus Mauritius Meiring in 1743 uit Nederland, is deur die vier bekende Meiringbroers Jacobus Gerhard, Attie, Arnold en Piet gesamentlik onderneem. Aan die einde van elke hoofstuk word rekenskap gegee wie van die broers vir die inhoud van die bepaalde hoofstuk verantwoordelik is.

Normaalweg verkies mens dat slegs een outeur vir die inhoud van 'n werk verantwoordelik is want op die wyse kan voorkom word dat die inhoud as het ware verbrokkel in 'n aantal onsamehangende dele. Van die werk van die vier Meiringbroers kan dit nie gesê word nie. Weliswaar het die oudste broer by wie die gedagte ontstaan het om die werk saam te stel, die grootste bydrae tot die inhoud daarvan gelewer. Owerigins egter is so 'n indeling gevolg dat van oorvleueling, of van 'n teenstrydige benaderingswyse geen sprake kan bestaan nie.

Hoewel sewe van die twaalf hoofstukke aan die lewe en werk van ds. P. G. J. Meiring gewy word, is 'n poging aangewend om tot sover terug as 1743 ook wetenskapwaardighede omtrent die eerste Meirings op te diep. 'n Gebrek aan bronne het hierdie taak besonder bemoeilik, maar die geheel tog grootliks ten goede gekom. Besonder waardevol is die vry uitvoerige stamboom van die Meiring-geslag aan die Kaap wat sonder enige belangrike tekortkomings tot sover as 1743 teruggevoer is. Ook aan die lewe van mev. Meiring is 'n kort hoofstuk gewy.

Die werk is in die eerste plek as 'n geskiedenis van die familie vir die familie bedoel en lewer bewys van hoe vrugbaar 'n familiegroep in verband met 'n intieme aangeleentheid waarmee al die lede van die groep ewe goed vertrouwd is, kan saamwerk. En tog het dié werk vir 'n veel wyer kring as net die Meiring-familie betekenis. Veral ds. P. G. J. Meiring het met sy kragtige persoonlikheid sterk ingegryp op in sonderheid die kerklike ontwikkeling van sy tyd en daar 'n besondere stempel aan verleen. Maar ook as blote familie-geskiedenis waarin die huislike lewe van 'n vooraanstaande Afrikaanse familie beskryf word, het dit groot waarde en dien dit as 'n verryking nie slegs van ons kennis van die verlede nie, maar ook van ons volksgevoel. Daarom sal dit goed wees as hierdie werk as aansporing sal dien dat ander soortgelyke take onderneem word.

A. N. Pelzer.

Kirby, Percival R.: Sir Andrew Smith, M.D., K.C.B., his Life, Letters and Works, pp. IX, 358, 16 ill. A. A. Balkema, Kaapstad, 1965. R7-90.

Suid-Afrika was in die vorige eeu, 'n land met 'n oorvloed van wilde diere en voëls en 'n rykdom aan inheemse plante. Geen wonder nie dat die jong militêre arts, Andrew Smith, met sy geweldige belangstelling in die biologie, hom hier na hartelike kon uitleef. Smith is in 1797 in Skotland gebore. Sy ouers was eenvoudige boere, maar die seun sou hoog op die maatskaplike leer klim. Nadat hy sy mediese studie voltooi het, gaan hy eers vir 'n ruk lank na Kanada. In 1821 kom hy na Suid-Afrika en word in Grahamstad gestasioneer. Al gou bestee hy al sy vrye tyd aan antropologiese navorsing onder die Xhosas en aan natuurlike historie.

In 1825 besoek goewerneur Charles Somerset die Oostelike Provinsie en kort daarna word Smith oorgeplaas na Kaapstad, waar hy kurator word van die kort tevore gestigte Suid-Afrikaanse Museum. Smith het onmiddellik 'n kampanje begin om donasies en bydraes vir die museum te verkry. Hiermee het hy baie sukses gehad en deur sy toedoen is bowendien baie waardevolle voorwerpe as 'n skenking aan die museum afgestaan.

Van 1828 tot 1829 onderneem hy 'n reis na Namakwaland, sogenaamd vir biologiese ondersoek in daardie streek. In die geheim het hy egter 'n regeringsopdrag ontvang om die toestande waaronder die Boesmans lewe, nader te ondersoek. Smith het uitvoerige volkekundige ondersoek verrig en sy bevindings het hy na sy terugkoms in Kaapstad in 'n uitvoerige verslag weergegee.

Vervolgens speel hy 'n rol by die oprigting van die wetenskaplike tydskrif die *South African Quarterly Journal*. Die *S.A. Commercial Advertiser* was tot nou toe die enigste koerant wat vir die publikasie van wetenskaplike artikels beskikbaar was. Nou kon van die *Quarterly Journal*, doeltreffend gebruik gemaak word. Onnodig om daarop te wys dat Smith die rugsteun van die nuwe tydskrif was.

In 1830 en 1831 het allerlei gerugte oor Natal die ronde begin doen: Amerikaners sou in die gebied belangstel en die natuurle sou geleer word hoe om vuurwapens te hanteer. Die Kaapse regering het besluit om Smith na Natal te stuur om 'n ondersoek in te stel en om ook by Dingaan sy opwagting te gaan maak. Ook dit het 'n vrugbare reis vir die wetenskap geword. Maar Smith was geskok oor die willekeurige en wreedaardige manier van optrede van Dingaan teenoor sy onderdane. Hy het anneksasie van Natal sterk aanbeveel, o.a. omdat dit verbetering in die lot van die natuurle sou beteken. Die reis terug het oor Port Elizabeth en Swellendam gegaan, en daar was ruimskoots geleentheid vir botaniese, maar ook geskiedkundige navorsing.

Van 1834 tot 1836 vind die bekende groot ekspedisie van Smith na die noorde plaas. Die pad gaan langs die ou roete oor Graaff-Reinet en Kuruman na Silkaats, tot

aan die Keerkring en deur die Magaliesberge in wat vandag Transvaal is. Vir die eerste keer maak ons in die boek kennis met Smith se uitgebreide verslae aan sir Benjamin D'Urban. Dit was op sy nadruklike aanbeveling dat besluit is om 'n traktaat met Silkaats te sluit. Dit kom in 1836 tot stand en is o.a. deur Smith self onderteken. Interessant is die vergelyking van Smith se indrukke van Silkaats met die van Dingaan. Vir die geskiedenis is dit belangrik om te verneem hoe Smith by een van Silkaats se indoesias 'n diplomatieke fout begaan het, wat moontlik die oorsaak van verstrekende gevolge geword het. Ook is die houding van Silkaats ten opsigte van die pad wat reisigers vanuit die suide moet volg, belangrik. Geen reisiger moes uit suid-oostelike rigting kom nie: die rigting waaruit ook die impië van Dingaan ver wag kon word. Prof. Kirby wys tereg daarop dat dit moontlik die aanleiding kon gewees het tot die moord op Stefanus Erasmus, wat onbewus was van hierdie wens van Dingaan (p. 158 en 228-9). Mens kan ook goed aanvoel met watter gevoelens Smith van sy noordelike punt verder gekyk het, vol verlange om die groot meer, waarvan hy soveel gehoor het, te bereik. Hy het egter besef dat hy dit nooit sou verwerklik nie.

In die Kaap ontmoet Smith nog o.a. Cornwallis Harris en ook Charles Darwin, wat hom jare later vir 'n onderskeiding sal aanbeveel.

Die laaste deel van die boek beskryf Smith se terugkoms in Londen, 'n uitstalling van Suid-Afrikaanse biologiese voorwerpe, die publikasie van sy beroemde vyfdeelige werk oor Suid-Afrikaanse diere. Smith se rol as direkteur-generaal van die mediese diens gedurende die Krimoorlog word uitvoerig beskryf en dit spreek hom vry van die swaar aanteigings van Florence Nightingale en *The Times*. Ten slotte volg 'n oorsig van sy bydrae tot die verbetering en modernisering van die Britse militêre mediese diens.

In die hande van menige geskiedskrywer, sou dit alles 'n interessante onderwerp vorm. Nou is dit egter professor Kirby wat na ruim dertig jaar navorsing en rond-snuffel, die lewensgeskiedenis van Andrew Smith beskryf. En, soos ons dit van prof. Kirby gewoon is, die verhaal bloei op tot 'n aangrypende en boeiende relaas. Maar ook aan die geskiedkundige wetenskap is niks te kort gedoen nie. Elke inligting word van alle kante beskou, afgeweg en met ander gegewens vergelyk. Ons kry 'n ander kyk op sommige binnelandse toestande en gebeurtenisse, op Silkaats. Ons maak kennis met die inhoud van, tot nou toe, grotendeels onbekende briewe, verslae en aanbevelings. Die werk beperk hom ook nie tot Smith se werk in Suid-Afrika nie, maar daar word insig verkry deur die breëre agtergrond van sy betekenis oorsee. Smith was byvoorbeeld mede-stigter van die *Hakluyt Vereniging*.

Die boek is 'n uiters waardevolle bydrae tot ons geskiedenis gedurende die eerste helfte van die vorige eeu. Vir spesialiste oor daardie tydperk is dit absoluut onmisbaar. Maar ook vir die gewone leser moet die boek, wat niteenstaande die grondige navorsing, baie vlot lees, sterk aanbeveel word.

Die illustrasies is aantreklik; moontlik 'n bietjie te veel toegespits op die Krimoorlog. Die landkaarte is duidelik genoeg om die verskillende reise te kan volg. Daar is 'n dubbele indeks (persone en plekname) en 'n uitvoerige bibliografie.

F. G. E. Nilant.

Kennedy, R. F.: *Africana Repository*. (Notes for a series of lectures given to the Hillbrow study centre from March to May, 1964.) pp. XIII, 178, 21 ill. Juta & Kie., Kaapstad-Johannesburg, 1965. R3-00.

Soos die ondertitel aandui, het mnr. Kennedy, die vroeëre bibliotekaris van die Openbare Biblioteek in Johannesburg, in 1964 'n aantal lesings gegee vir die Hillbrowse

studiekring. Die aantekeninge vir daardie lesings vorm die grondslag vir hierdie boek.

Africana is enigiets betreffende Suid-Afrika. Nie net dinge wat oud en skaars is nie, maar ook alles wat dit later gaan word. Tog is dit hoofsaaklik 'n boek oor boeke, in 'n baie wye betekenis. Om te versamel is 'n algemene menslike eienskap, en ook in ons land was daar al van vroeg af versamelaars, veral van boeke. Die skrywer lei ons eers langs die belangrikste van hierdie kolleksies. 'n Aantal entoesiaste versamelaars het voorsorg getref dat hul boekebesit, waarvoor hulle hul soveel geld en moeite getroos het, en waaraan hulle soveel plesier belewe het, ook na hul dood by mekaar sal bly en nie deur middel van verkopers in alle rigtings versprei word nie. Die beste manier om dit te bereik, was om hul boeke gedurende hul lewe, of as skenking daarna, aan 'n groot biblioteek te bemaak. Sodoende het die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad en die Openbare Biblioteek in Johannesburg, die grootste versamelings van Africana-boeke geword.

Dit is vanselfsprekend dat die verhaal met die ou Portugese seevaarders begin en oorgaan na die Hollanders in die 17de eeu. Die reisverhale uit daardie tyd omvat veral die reise na die ooste, waarby die oponthoud aan die Kaap slegs 'n klein onderdeel vorm. Bowendien bly dit beperk tot die stad self en die onmiddellike omgewing. Ander inligtings word hoofsaaklik verkry van die oorlewendes van gestrande skepe aan ons kus, wat deur die binneland moes trek om weer die beskaafde wêreld te bereik. Van die tyd voor die Britse besetting, die eerste Britse periode en die Bataafse Republiek kom ons in die 19de eeu. Met dagboeke en reisverhale van sendelinge, offisiere en soldate, die werk van tekenaars en skilders soos Angas, Baines, Pons en veral Bowler maak ons uitvoerig kennis. Daar is 'n oorsig van die werke van die groot geskiedskrywers George McCall Theal, prof. Boxer, sir George Cory, Colin Graham Botha, om maar enkeles te noem. Wie was hulle, wat is hulle belangrikste werke en waarin lê vandag die waarde van hierdie boeke? In hoever was die ou reisigers se dagboeke en verhale betroubaar? Watter van hierdie boeke is vandag skaars, en watter herdrukke het verskyn? Op al hierdie vrae vind ons 'n antwoord. En dit bly nie net by 'n oorsig van die groot aantal publikasies nie; daar is 'n menigte van interessante stories wat vlot vertel word en wat die leser hom in die ou dae laat inlewe. Uit alles blyk die ontsaglike kennis en die verwoede belangstelling van mnr. Kennedy vir die onderwerp.

Fassinerend is die bespreking van die pragtige geïllustreerde boeke oor die diere, voëls en plante van ons land. Dit word toegelig met 'n tegniese verduideliking van die drukmetodes wat in die vorige eeu vir boekillustrasies gebruik is.

Die laaste hoofstuk is 'n bespreking van Johannesburgse Africana.

Daar word veelvuldig gebruik gemaak van die groot internasionale verwysingsbronne, soos die *Dictionary of National Biography* en die *Thieme-Becker kunstenaarsleksikon*. Weer blyk die belangrikheid van herdrukke soos die van die *Van Riebeeckvereniging*; maar ook van tydskrifte soos *Africana Aantekeninge en Nuus*, waarin geleentheid verskaf word om nuwe vondse en ondersoek op hierdie gebied te publiseer.

Mnr. Kennedy bespreek ook die moeilikheid om sommige publikasies te verkry; om maar net ontbrekende nommers van ou koerante te noem, of party van vandag se privaat publikasies of nuusbriewe!

Alles in aanmerking geneem, is dit 'n kostelike boek. Dit is onmisbaar vir enige versamelaar van Africana en dit is 'n bron van inligting vir die belangstellende en die historikus. Maar dit moet ook sterk aanbeveel word aan elkeen wat hou van vlot en ware verhale teen die agtergrond van Suid-Afrika in die vroeër dae.

Die boek is netjies uitgegee en goed geïllustreer. Vanselfsprekend is daar 'n uitstekende indeks.

Coolhaas, Dr. W. Ph., uitgegeven door: Generale Missiven van Gouverneurs-generaal en raden aan Heren XVII der Verenigde Oostindische Compagnie, Deel II: 1639-1655, pp. XIV, 870, Martinus Nijhoff, 's-Gravenhage, 1964.

Hierdie indrukwekkende boekwerk met sy pragtige groen linneband en uitstekend versorgde drukwerk, is deel 112 van die „grote serie” van *Rijks Geschiedkundige Publicatiën*, die bekende Nederlandse reeks argiefpublikasies, en, soos die titel meedeel, deel II van die reeks verslae wat die goewerneurs-generaal en rade van Nederlands-Indië aan die Here XVII gestuur het. Dit is dan hierdie reeks wat deur prof. Coolhaas versorg word; inderdaad 'n werk wat eerbied afdwing.

Dit is geen uitgawe *in extenso* nie. Die uitgewer het, blykbaar na eie keuse, slegs dié gedeeltes opgeneem wat hy belangrik ag of wat nie reeds in ander uitgawes opgeneem is nie. Van die gedeeltes wat weggelaat word, gee hy dan 'n kort opsomming van die inhoud of 'n kensketsing van die aard daarvan of 'n mededeling dat dit elders in ander dokumentepublikasies te vind is.

Die „missiven” is die offisiële verslae wat gereeld met die retoervlote — maar soms ook met ander tussentydse skepe — vanuit Batavia na Nederland gestuur is. Dit bevat informasie oor die verskillende gebiede waarmee die V.O.C. kontak gehad het, binne sowel as buite die Argipel en gee uiteraard 'n besondere blik op die werksaamhede van die Kompanjie. Dit is onderteken deur die goewerneur-generaal en die „rade” van Indië. Oor die tydperk wat deur die uitgawe gedek word, was die volgende goewerneurs-generaal in funksie: Van Diemen (laaste periode: 1639-1645), Van der Lijn (1645-1650), Reniers (1650-1653) en Maetsuyker (eerste periode: 1654-1655). In geheel is dit een en vyftig „missiven”.

In die opgenome dokumente, vind ons enkele interessante mededelings oor die Kaap. Slegs enkele; die Kaap het in die tyd inderdaad nie veel aandag van die bewindhebbers in Indië getrek nie, Jan van Riebeeck se naam kom slegs drie keer voor — maar al is dit dan ook die geval, dan is die reeks tog van groot waarde ook vir bestudering van die Kaapse geskiedenis. Wie die geskiedenis van die Kompanjie in al sy vertakkinge nie ken nie, sal die geskiedenis van die Kaap ook nie ten volle kan begryp nie. Daarom behoort hierdie uitgawe, ook wat die eerste deel betref en die dele wat nog sal verskyn, in geen biblioteek van betekenis in Suid-Afrika te ontbreek nie.

F. J. du T.

Pole, J. R.: Abraham Lincoln, pp. 64, 8/6, Oxford University Press, 1964.

Hierdie kort biografie van die beroemde Amerikaanse president, is een uit die reeks *Clarendon Biographies*. Dit is 'n kort samevatting van die belangrikste feite uit 'n inderdaad merkwaardige lewensverhaal. Besondere aandag word ook gegee aan die Neger-slawe van Amerika en die Amerikaanse Burgeroorlog, wat weens die huidige rassevraagstuk in Amerika tans weer eens as aktueel aanvoel word. Die boek is ook van 'n aantal interessante geskiedkundige foto's voorsien. Dit kan veral vir skoolbiblioteke aanbeveel word.

F. J. du T.

Beloch, Karl Julius: Bevölkerungsgeschichte Italiens, II, Die Bevölkerung des Kirchenstaates, Toscanas und der Herzogtümer am Po, pp. VIII, 312. DM. 48, Walter de Gruyter en Co., Berlin, 1965.

In die sewende jaargang van *Historia*, p. 212, het ons 'n bespreking gegee van die derde deel van bogenoemde werk wat weens die Tweede Wêreldoorlog en die dood van

die skrywer sowel as van die latere uitgewer, Gaetano de Sanctis, nie saam met deel I en II kon verskyn nie en toe eers in 1961 die lig gesien het. Die boek wat tans voor ons lê, is dan 'n hersiene heruitgawe van deel II wat in 1939 verskyn het. Dit pas, wat vorm en voorkoms betref, aan by die uitgawe van deel III en die bedoeling is blykbaar om die geheel as 'n behoorlike driedelige uitgawe op die rak te plaas.

Soos die titel aandui is dit slegs 'n geskiedenis van die *bevolking* van Italië, tussen die laat middeleeue en die begin van die negentiende eeu. In hoofsaak kom dit neer op 'n bespreking en ontleding van die bevolkingsyfers van die onderskeie Italiaanse gebiede wat in die ondertitel genoem word. In hoofsaak is dit dus 'n geskiedenis van getalle, maar daaraan is verbind 'n bespreking van belangrike historiese gebeurtenisse wat die daling en styging van die getalle beïnvloed het. Dit is kennelik 'n werk wat met groot toewyding onderneem is en wat jarelange argiefnavorsing geverg het.

F. J. du T. Spies.

Du Plessis, J.: A History of Christian Missions in South Africa. Longmans, Green and Co., London, 1911. Fascimile Reprint, C. Struik, Cape Town, 1965.

Bogenoemde werk van prof. J. du Plessis wat in 1911 vir die eerste keer verskyn het en reeds jare uit druk is, is opnuut deur die toedoen van die firma Struik in sirkulasie gebring.

Prof. du Plessis se Sendinggeskiedenis moet as 'n standaardwerk beskou word wat ongelukkig byna heeltemal onbekend is vir die huidige generasie. In 43 hoofstukke word die sendingywer sedert die dae van Van Riebeeck tot in 1910 beskryf en word uitvoerige aandag gegee aan die bedrywighede van elke Sendinggenootskap wat gedurende die tyd in ons land werksaam was. 'n Waardevolle kaart en 'n sewentiental illustrasies wat nie in die eerste uitgawe verskyn het nie, is in die nuwe uitgawe opgeneem.

Die werk van prof. du Plessis het geen bespreking of bekendstelling nodig nie. Die herverskyning daarvan word slegs langs hierdie weg onder die aandag gebring. Geen biblioteek in ons land — privaat sowel as openbaar — behoort sonder 'n eksemplaar daarvan te wees nie.

A. N. Pelzer.